

Vaktaalrubriek

Die nuwe Sterrekundewoordeboek

J.H. de Klerk

Dept. Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom 2520

In onlangse uitgawes van hierdie tydskrif is reeds gerapporteer oor die werk wat gedoen word in verband met die nuwe sterrekundewoordeboek.^{1,2} Nou kan daar gemeld word dat daar steeds goed gevorder word met hierdie taak, en dat dit hopelik ook nie meer te lank sal duur voordat die werk afgerond kan word nie. In hierdie artikel sal verdere mededelings gemaak word oor sommige aspekte van die werk.

GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING VAN DIE STERREKUNDEWOORDEBOEK

Reeds so lank gelede as 1958 het prof. G.G. Cillié 'n lys sterrekundeterme die lig laat sien. In die vroeë jare ses-tig het hierdie lys, tesame met verskeie aanvullings (waaronder 'n lys van ongeveer 3 000 terme van prof. G.H. Scheepers) gegroei tot die *Sterrekundewoordeboek*³ wat in 1966 verskyn het onder die redaksie van dr. H.J. Terblanche. Hierdie woordeboek is slegs eenmalig uitgegee en was gou onverkrygbaar. In die vroeë tagtigerjare is die noodsaaklikheid aan 'n nuwe woordeboek gevoel en besef. In samewerking met die Nasionale Vakterminologiesdiens is daar enkele jare gelede begin met (soos dit aanvanklik genoem is) die hersiening van die *Sterrekundewoordeboek*. Dit het spoedig geblyk dat dit 'n werk van 'n groot omvang is, en dat beide 'n grondige hersiening en 'n aansienlike byvoeging van terme noodsaaklik sou wees. Hierdie sake het veral noodsaaklik geword as gevolg van die groter algemene belangstelling in Sterrekunde deesdae en die ontwikkeling op sterrekundige gebied sedert die verskyning van die woordeboek in 1966 (dink maar aan die ontsaglike vordering op die gebied van ruimtevaart).

Van die begin af is besluit dat daar wyer gedink moet word as net 'n woordeboek soos die vorige een, wat slegs 'n streng vertalingsfunksie het. Die moderne neiging in die saamstel van woordeboeke is om sogenoemde definiërende woordeboeke daar te stel. Dit is woordeboeke wat nie net vertaal nie, maar wat ook toelig deurdadig by sommige terme in die woordeboek – nie noodwendig almal nie – definisies gegee word wat kan bestaan uit 'n enkele trefwoord, 'n bondige verklaring of 'n verwysing na 'n bylae waarin die saak meer uitgebreid verduidelik word. Die werk mag egter nooit die omvang van 'n handboek aanneem nie. Die nuwe woordeboek sal juis 'n definiërende woordeboek wees om sodoende hopelik van groter nut te wees. Dit is dus duidelik dat daar nou nie meer slegs gepraat kan word van 'n hersiening van die vorige woordeboek nie.

OORSIG VAN VORDERING

Gedurende die afgelope jaar kon daar teen 'n konstan-

te tempo met die woordeboek gevorder word en die punt is bereik waar 'n min of meer "geslote" groep woorde verkry is waaraan gewerk kan word. Die taak is nou om trefwoorde en verklarings te kry en om bylaes en tabelle saam te stel. Terselfdertyd moet onkonsekwentheid opgespoor word (as 'n term op 'n bepaalde wyse gespél word, moet dit oral in die res van die woordeboek op dieselfde manier gespél word), daar moet gestreef word na volledigheid in groepsverband (as "noord" opgeneem word, moet "suid" ook opgeneem word), ens.

Sekere besluite moet periodiek deur die kommissie geneem word, en hieroor moet ook gerapporteer word. Die samestelling van 'n woordeboek is nie net 'n akademiese aangeleentheid nie, maar raak almal in 'n bepaalde gemeenskap – in hierdie geval sowel amateur as professionele sterrekundiges. Om hierdie rede moet sekere besluite reeds voor die verskyning van die woordeboek bekendgemaak word, sodat gedagtes daarvoor gewissel kan word.

Die term "equinox" word algemeen vertaal met "ewenag" en "nagewening". Ongelukkig bevat aldie hierdie terme 'n teenstrydigheid in die sin dat dit nie die nag is wat ewe is nie, maar die dag en nag wat ewe lank is. 'n Beter vertaling vir "equinox" (wat ook so in die woordeboek opgeneem word) is "dagnag-ewening".

Eiename kan soms nogal probleme oplewer en twee vrae ontstaan: (a) Moet die eienaam in Afrikaans vertaal word of nie, en (b) indien wel, hoe moet dit gespél word? Die mening was dat sulke terme wel vertaal moet word, maar dié saak is nie altyd so eenvoudig nie: Dit is in orde om "Neptune" met "Neptunus" te vertaal en ook om "Ganymede" en "Tethys" (planeetmanne) met "Ganimedes" en "Tethis" onderskeidelik te vertaal, maar wat word gedoen met "Parrot", "Vögel" en "Rook" (gebiede op die Maan)? Gelukkig kon daar betyds vasgestel word dat al hierdie gebiede na persone vernoem is, en dus nie vertaal kan word nie. Hierdie is ook 'n belangrike rede waarom sulke name juis in die woordeboek opgeneem behoort te word. Wat die spelling betref, word daar so veel as moontlik by die internasionale spelling gehou. Vir klassieke eiename word die *Lys Klassieke Eiename*⁴ gevolg, maar ook hierdie saak is nie altyd sonder probleme nie. So word "Olympus mountain" byvoorbeeld vertaal met "Olimpusberg" (soos in die aangehaalde werk aangegee). In die geval van die planetoïed Mnemosyne daarenteen, was die kommissie se mening dat dit ter wille van konsekwentheid vertaal moet word met "Mnemosine" (in plaas van "Mnemosune", soos aangegee).

Die voorvoegsels "apo-" en "peri-" word gebruik om onderskeidelik die verste en naaste punt in die baan

van 'n sekondêre hemelligaam om 'n primêre hemelligaam aan te dui. Daar is besluit op die volgende vertalings vir die verskillende lede van die sonnestelsel:

apomercurian: apomercurion, Mercurius-baanverstepunt;

apocyntherian: apokintherion, Venus-baanverstepunt;

apocynthion: apokinthion, Maan-baanverstepunt, asook

aposele: aposelene, Maan-baanverstepunt;

apomartian: apomartion, Mars-baanverstepunt;

apojovium. apojovium, Jupiter-baanverstepunt;

aposaturnian: aposaturnion, Saturnus-baanverstepunt;

apo-uranian: : apo-uranion, Uranus-baanverstepunt;

aponeptunian: aponeptunion, Neptunus-baanverstepunt; en

apoplutionian: apoplutionion, Pluto-baanverstepunt.

Vir "peri-" geld soortgelyke terme met "-verste-" vervang deur "-naaste-". (Interessantheidshalwe kan gemeld word dat die verskil tussen "apokinthion" en "aposele" die volgende is: In die eerste geval is dit die verste punt in die baan om die Maan van 'n liggaam afgevuur vanaf die Aarde en in die tweede geval 'n liggaam afgevuur vanaf die Maan.)

Sommige algemene Arabiese stername se oorspronklike vorm en betekenis kon gelukkig opgespoor word, hoewel daar nog 'n groot aantal is waarvan dié inligting nie bekend is nie. Van hierdie inligting sal ook in die woordeboek opgeneem word. 'n Enkele voorbeeld om hierdie saak te illustreer, is die volgende:

Betelgeuse (Arab. Ibt al Djauza; α Orionis; Orion's shoulder): Beteldjoes, Betelgeuse (Arab. Ibt al Djauza; α Orionis; Orion se skouer).

Daar is reeds verwys na bylaes wat ook in die woordeboek opgeneem sal word. Die kommissie was van mening dat daar gevalle is waar 'n verwysing by 'n term na 'n bylae meer sinvol is as om by die term die volledige beskrywing te gee. In die definisies van sekere verbandhoudende terme moet verduidelikings dikwels herhaal word, en dan het dit meer sin om ter wille van verkorting en duidelikheid alles saam te voeg (indien nodig selfs saam met 'n skets). 'n Voorbeeld hiervan is die begrippe "kwadratuur", "opposisie", "elongasie", "grootste oostelike elongasie" en "grootste westelike elongasie". Soms moet meer inligting gegee word in verband met 'n term, en dan is 'n bylae of tabel 'n meer geskikte plek, byvoorbeeld in verband met sterrekundige katalogusse, die datum en plek van publikasie, of in die geval van planete en planeetmane, hul fisiese afmetings, sekere baanelemente, ensovoorts. Op dié manier word gehoop dat die finale woordeboek ook 'n groter bruikbaarheidswaarde sal hê.

KOMMENTAAR OOR SEKERE TERME

Na aanleiding van die vorige artikel in verband met die woordeboek, het die redakteur, dr. A. Strasheim, die volgende kommentaar gelewer:²

- Magnitude: Bosman se ekwivalent vir "magnitude" is "grootte" en gee "ster van die eerste grootte" as voorbeeld vir "star of the first magnitude".
- "Swerm" het die betekenis van 'n massa klein goedjies soos 'n swerm sprinkane, swerm bye, ens. Wat is

verkeerd met "groep"? "Groep" word ook in Bosman teenoor "cluster" gelys.

- Dit is nie nodig vir die twee vertalings van "mean" (naamlik "gemiddeld" en "middelbaar") nie. Vir "mean daily motion" is "gemiddelde daaglikse beweging" tog die regte gebruik.

- "Zero" word baie in Afrikaans gebruik. Dus moet "senit" nie die voorkeur kry nie.

Die volgende antwoorde kan op hierdie punte van kommentaar gegee word:

Die term "magnitude" kan minstens die volgende twee betekenisse hê, naamlik:

- grootte of grootheid, en
- rang of belangrikheid.

Die eerste betekenis word meesal bedoel in 'n rekenkundige of wiskundige verband, terwyl die tweede weer 'n sekere rangorde probeer aantoon.

Reeds in die tyd van die Grieke is die metode gebruik om 'n getal aan 'n bepaalde ster toe te ken as maatstaf van sy helderheid. Hierdie getal wil dus die lighelderheid van 'n ster kwantifiseer, en wil nie 'n aanduiding gee van die grootte van die ster nie. Om dus – soos algemeen in gebruik, en ook deur Bosman et al⁵ weergegee – die begrip "star of the first magnitude" met "ster van die eerste grootte" te vertaal, is heeltemal foutief.

Hoewel nie in 'n sterrekundige verband bedoel nie, gee Bosman et al vir "of the first magnitude" ook die vertaling "van die eerste rang" wat nader lê aan die sterrekundige betekenis van "magnitude". Die vertalings "rang", "belang", ens. vir "magnitude" (in sterrekundige verband) lewer egter op hul beurt weer probleme op, veral in samestellings. So kan "magnitude scale" byvoorbeeld nie met "belangrikheidskaal" vertaal word nie, aangesien laasgenoemde enigiets kan beteken. Die enigste ander moontlikheid is dan om die term "magnitude" (synde die internasionale vorm) in Afrikaans te aanvaar.

Die vertalings

group : groep

en

cluster : swerm (en nie groep nie)

is nodig sodat daar tussen twee totaal verskillende sterrekundige verskynsels onderskei kan word. Hierdie twee gevalle kan met behulp van die volgende twee voorbeelde geïllustreer word:

- Die sterre α en β Centauri (die bekende Wyser van die Suiderkruis) vorm 'n *groep* (hier as sinoniem vir *gesternte* gebruik) aangesien hulle oënskynlik naby mekaar lê. Hierdie twee sterre het egter niks met mekaar te doen nie en lê net naastenby in dieselfde gesigslyn met β ongeveer 115 keer verder van ons as α . Daarenteen bestaan α Centauri uit drie sterre (α^1 , α^2 en Proxima Centauri) wat om 'n gemeenskaplike massamiddelpunt roteer en dus alles met mekaar te doen het. Soos 'n *swerm* bye hoort hulle bymekaar en dus word die vertaling *swerm* gebruik.
- Die terme *meteorietswerm* en *meteorietgroep* beteken totaal verskillende dinge: Eersgenoemde is juis 'n massa klein goedjies wat saam beweeg soos 'n swerm sprinkane, terwyl laasgenoemde die betekenis kan hê van 'n groep meteoriete wat byvoorbeeld

gedurende een uur in 'n bepaalde sterrebeeld waar-geneem word.

Die term "mean" kan volgens Bosman et al onder an-dere vertaal word met "gemiddeld" en "middelbaar". In sterrekundige verband het "mean" baie duidelik twee betekenis en dit is gerieflik en gelukkig dat Afri-kaans juis hierdie twee vertalingsmoontlikhede bied. Die betekenis is die volgende (vir sowel die selfstan-dige naamwoord as die byvoeglike naamwoord):

- 'n Numeries-berekenbare waarde ("average") waarvoor die Afrikaanse term "gemiddelde" alge-meen in gebruik is. Voorbeelde van hierdie geval is
mean distance : gemiddelde afstand
en

mean velocity : gemiddelde snelheid

waar daar duidelik sprake is van 'n rekenkundige berekening wat gedoen moet word.

- 'n Abstrakter betekenis om aan te toon dat 'n be-paalde posisie, tydstip, gebeurtenis, ens. "êrens in die middel" is. Hier is geen sprake van die bereke-ning van 'n gemiddelde nie, maar wel van 'n begrip wat per definisie 'n vaste betekenis kry. Voorbeelde hiervan is

mean sun : middelbare son,

mean equinox : middelbare dagnag-ewening en

mean anomaly : middelbare anomalie.

Die opmerking in verband met zenit (asof ons voor-keur sou gee aan senit) is verkeerd. Die beleid wat ge-volg word in die nuwe woordeboek, is dat sinonieme konsekwent alfabeties geplaas word en nie volgens voorkeur of enige ander maatstaf nie. Die volledige inskrywing in die woordeboek onder hierdie term, is

zenith : hoogtepunt, senit, zenit.

Dit is dus geensins die bedoeling om voorkeur te gee aan "senit" (asof ons van die "z" in "zenit" sou wou wegstam) nie. Trouens, uit die sinsnede "Die Afri-kaanse vertaling wat hiervoor aanvaar is, is 'zenit' (en ook nog 'senit', maar nie 'seniet') nie", in die genoem-de artikel blyk reeds dat die kommissie se simpatie juis by die vertaling "zenit" lê.

Kommentaar is ook ontvang in verband met die ge-bruik in die woordeboek om die terme "son", "maan" en "aarde" met hoofletters te skryf. Ons insiens moet onderskeid getref word tussen die terme "maan" (be-doelende enige maan van enige planeet) en "Maan" (bedoelende die hemelliggaam wat om die Aarde ro-teer), en daarom word daar van 'n klein- en hoofletter gebruik gemaak. Selfs al word die lidwoord "die" saam met "Maan" gebruik, behoort dit nie 'n rede te wees om nie 'n hoofletter te gebruik nie, aangesien daar steeds sprake is van 'n bepaalde hemelliggaam. Soortgelyk word dan ook onderskei tussen "son" (in die algemeen) en "Son" of ook "die Son" (die beson-dere hemelliggaam waaraan die Aarde en die ander agt planete behoort). Netso ook "aarde" (in die alge-meen), en "Aarde" of "die Aarde" (die derde lid van die Son se planetestelsel).

VOORUITSKOUING

Samevattend kan gemeld word dat die werk rondom die nuwe Sterrekundewoordeboek goed verloop, en dat daar met tevredenheid op die afgelope tyd se werk teruggekyk kan word. Ons hoop dat daar binne die volgende jaar by 'n finale produk gekom kan word, en dat dit dan nie te lank sal duur voordat dit gepubliseer kan word nie.

LITERATUURVERWYSINGS

1. De Klerk, J.H. (1987). Hersiening van die Sterrekundewoordeboek, S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, 6, 137-138.
2. De Klerk, J.H. (1989). Hersiening van die Sterrekundewoordeboek, S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie, 8, 38-39.
3. Terblanche, H.J. (red.) (1966). *Sterrekundewoordeboek Astronomical Dictionary*. (Vaktaalbu-ro van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria.)
4. Odendal, F.F. (Voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns) (1984). *Lys Klas-sieke Eiename* (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad).
5. Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. & Hiemstra, L.W. (1984). *Tweetalige Woordeboek*. (Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad).